Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Maart 2010



God in ons lyding

Lees binne...

- **Realistiese missionêre uitdagings** – 1
- **Bybels vir Haïti** – 1
- **God in ons lyding** – 2
- **In die spanningsveld tussen kerk en universiteit** – 3
- **Palmsondag** – 5
- **'n Lewendige Gespreksforum** – 6 en 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Realistiese missionêre uitdagings (Prof Natie van Wyk)
  Bybels vir Haïti
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**:
  God in ons lyding
  Leserskompetisie 8
- Bl 3 In die spanningsveld tussen kerk en universiteit (Prof Piet van der Merwe)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Opening van die HTK (Dr Wouter van Wyk)
  Seniorburgers van Zimbabwe kuier in Suid-Afrika (Ds Martin van Rensburg)
  Palmsondag (Dr Elsabé Kloppers)
  Beroepe aanvaar
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
- Agterblad **Oordenking**
  Ter helle neergedaal (Ds Andries Nel)

God in ons lyding

Dr Gerhard Lindeque vra in sy redaksionele berig waar ons huidige pessimisme vandaan kom.

Miskien is dit die daaglikse koerantopskrifte van nog moorde, verkragtings en misdaad. Dalk is dit die ontsettende nood van mense wat deur die geweldige aardbewings in Haïti geraak is wat ons so ontstel. Is dit dalk die gebrek aan dienslewering in baie van ons woongebiede, of die President se morele waardes wat ons land in swaarmoedigheid dompel?

In hierdie Lydenstyd van die kerklike jaar is dit dalk goed om dit net weer ’n keer vir mekaar te sê: Lyding is deel van Christenskap. Ons kan dit nie ontken of ontkom nie. Dit help ook nie om te maak asof dit ons nie raak nie. Dan dra ons juis ’n valse beeld van ons Christenskap uit. Soms kry ’n mens die indruk dat mense meen ’n Christen is iemand wat nooit swaarkry of hartseer word nie. Om jou lyding en pyn te onderdruk, is op sigself iets wat ’n mens moedeloos kan maak.

As Paulus in Efesiërs 4 skryf: *Wees altyd bly in die Here…* bedoel hy sekerlik nie daarmee dat jy as gelowige nie mag hartseer wees of met jou pyn mag worstel nie. Hy verwys ook nie na ’n oppervlakkige blydskap of ’n masker wat ’n gelowige moet opsit nie. Die kernwoorde in daardie vers is ***in die Here***. Oor God se liefde vir jou hoef jy nooit te twyfel nie. Niks of niemand kan dit van jou af wegneem nie. Daaroor kan jy altyd bly wees.

Ons mag maar by die Here huil en kerm en kla. Juis daarin is ons troos geleë. Dat ons kan roep na en vashou aan Iemand wat groter en meer as ons is, Iemand wat ons lyding verstaan, Iemand wat immers self die verskriklikste lyding moes verduur en self die *via dolorosa* gestap het. Maar juis daarom hoef ons ook nie pessimisties te wees nie. Al is alles om ons heen ook hoe donker. God is by ons in ons lyding.

****

In die spanningsveld tussen kerk en universiteit

In die uittreksel uit sy voordrag by die opening van die Hervormde Teologiese Kollege in Februarie vanjaar, bespreek prof Piet van der Merwe die spanning tussen kansel en kateder.

Die Middeleeuse kerk het geglo dat die kerk nie alleen die taak het om God se heil aan die wêreld te bemiddel nie, maar ook God se waarheid en kennis. Die enigste kennis wat die moeite werd is, is dié wat sy oorsprong in die hemelse waarheid het, en slegs die kerk het daardie soort toegang gehad. Die feit dat die kloosters en kerke gedurende die ontwrigtende Germaanse invalle ook bewaarplekke van kultuurskatte, boeke en dokumente geword het, het hierdie ontwikkeling versterk. Daar was nie van beduidende spanning tussen kerk en universiteit sprake nie. Die kerk het selfs geglo dat hy die wetenskap beheer. Dit het egter gedurende die Renaissance verander.

Die moderne universiteit is die resultaat van die wetenskapsomwenteling wat met die Industriële Revolusie en die Aufklärung saamhang. Nuwe kennis is beskikbaar vir enige iemand wat die reëls van die wetenskap ken en navolg. Daar was ook ’n verskuiwing vanaf kerk gedomineerde wetenskap en kundigheid na vrye akademie en wetenskap. Die staat het begin om universiteite van kerklike beheer weg te neem. Dit het die sekularisering van die universiteitswese meegebring. Die kerk het slegs nog by die teologiese fakulteit ’n faktor gebly. So het die spanningsveld tussen kerk en universiteit gegroei.

Die moderne staatsuniversiteit vertoon sekere belangrike ooreenkomste en verskille met die universiteite van die verlede. Daar het iets van die kloosterwese oorgebly, naamlik persoonlike toewyding, dikwels met verontagsaming van wat in ander kringe as merktekens of simbole van sosiale aansien of sukses beskou word. Kerklike dominansie is vervang met dominansie deur die staat. Daar word steeds ’n hoë premie op akademiese en wetenskaplike vryheid geplaas. Voorskriftelikheid is nie aanvaarbaar nie, nóg deur owerheid nóg deur seksionele groepe.

Vandag het ons ’n ruimer verstaan van kennis en wetenskap, en die universiteit is nou veel meer demokraties. Dit word ook gesien as ’n landsbate vir en ten behoewe van die nasie. Die staatsuniversiteit is meer bewustelik betrokke by die ideologiese, ekonomiese en sosiale strategieë van hul regerings.

Uiteindelik gaan dit om balans, nie een wat by voorbaat met behulp van ’n wiskundige formule bepaalbaar is nie, maar een wat voortdurend opnuut met gelowige en teologiese sensitiwiteit gevind word.

****

Palmsondag

Dr Elsabé Kloppers skryf oor Palmsondag (die sesde Lydensondag), die dag waarop ons Jesus se intog in Jerusalem herdenk, en gee ook ’n moontlike liturgie vir dié dag.

Die oudste getuienis oor die viering van Palmsondag in Jerusalem kom uit die einde van die 4de eeu. Daarvandaan het die gebruike verder versprei, sodat in die Middeleeue die palmprosessies reeds in baie Europese stede bekend was. In hierdie prosessies is die intog van Jesus deur kinders met palmtakke in die hand nagespeel. Tydens die prosessie is liedere gesing wat herinner aan die volk wat *Hosanna* geroep het. Dit word steeds in baie kerklike tradisies so gedoen. Die musiek het egter ’n gedempte toon omdat dit reeds heenwys na Goeie Vrydag, die dag waarop Jesus deur die volk verstoot sou word. Dieselfde mense wat op die Sondag *Hosanna* geroep het, roep op die Vrydag: *Kruisig Hom!* Die palmtakke word huis toe geneem en as herinnering bokant ’n deur gehang.

Op Palmsondag begin die sogenaamde *stil week* of Groot Lydensweek, waarin die lyding van Christus meer in fokus kom. Alles word stiller op pad na Goeie Vrydag. In hierdie week is daar geen uitbundighede of feeste nie. Lydensmusiek word in die kerke en in die huise gehoor. In sommige tradisies word in hierdie week gevas – dus minder as gewoonlik geëet en gedrink, as teken van die besef dat Jesus vir ons gely het.

****

LESERSKOMPETISIE 8

Vraag:
Wat noem ons die dag waarop ons Jesus se intog in Jerusalem herdenk?

SMS die antwoord voor 26 Maart 2010 na **071 229 8903.**

Die prys is Die Bybel – Nuwe Lewende vertaling (NLV) (slapband).